- i. 'n Temperatuur  $-9^{\circ}\text{C}$  is kouer as  $-8^{\circ}\text{C}$  omdat dit  minder is as .

2. In vraag 1, wat is die verskil in temperatuur tussen:

- a. **a** en **b**
- b. **b** en **c**
- c. **d** en **b**
- d. **e** en **d**
- e. **e** en **a**

Kwartaal 1

**3. Beantwoord die volgende vrae oor lengte:**

- a. Hoeveel mm is daar in 'n cm?
- b. Hoeveel cm is daar in 'n m?
- c. Hoeveel mm is daar in 'n m?
- d. Hoeveel m is daar in 'n km?
- e. Sit die volgende om:

		mm	cm	m	km
i.	<b>9 cm</b>				
ii.	<b>3 m</b>				
iii.	<b>2 km</b>				
iv.	<b>10,5 m</b>				
v.	<b>3 600 mm</b>				

- f. 'n Man reis 450 km op die eerste dag en 565 000 m op die tweede dag. Op die derde dag reis hy dubbeld die afstand wat hy op die eerste dag afgelê het. Op die vierde dag bereik hy sy bestemming, wat 2 500 km van die vertrekpunt is.

Hoe ver het hy op die vierde dag gereis?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

Tekem:

Datum:

R14b

# Temperatuur, lengte, massa en kapasiteit vervolg

## 4. Beantwoord die volgende vrae oor massa.

a. Hoeveel gram (g) is daar in 'n kilogram?

b. Hoeveel kg is daar in 'n ton?

'n Ton is gelyk aan 1 000 kg.

c. Hoeveel mg is daar in 'n gram?

d. Hoeveel mg is in 'n kilogram?

e. Sit die volgende om:

		mg	g	kg	t
i.	3 500 g				
ii.	2 kg				
iii.	2,5 kg				
iv.	3 t				
v.	5 000 000 mg				

f. 'n Objek weeg 'n kwart van 'n kilogram. Ek voeg nog een helfte van 'n kilogram by die objek. Ek neem 200 g weg. Ek verdubbel die massa van die objek. Ek voeg een ton by die objek en halveer dit daarna. Wat sal die uiteindelijke massa van die voorwerp wees?

5. Beantwoord die volgende vrae oor kapasiteit.

a. Hoeveel ml is in 'n liter?

b. Hoeveel ℓ is in 'n kl?

c. Hoeveel ml is in 'n kl?

d. Sit die volgende om:

		ml	ℓ	kl
i.	5 250 ml			
ii.	4,5 ℓ			
iii.	3 kl			
iv.	9 999 ml			
v.	1,75 ℓ			

e. Swembadafmetings: lengte 25 meter, breedte 10 meter en diepte 1,5 meter. Die kapasiteit is  $25 \text{ m} \times 10 \text{ m} \times 1,5 \text{ m} = 375$  kubieke meter. Een kubieke meter is gelyk aan 1 000 liter. Dus is die kapasiteit van die swembad . Hoeveel kiloliter is dit?

Probleemoplossing

Gee vyf voorbeelde van hoe hierdie terme in jou huis gebruik word.

temperatuur  
 kapasiteit  
 massa/gewig  
 lengte

Wat is die verskil tussen kapasiteit en volume?



Teken:

Datum:

Kyk na die volgende prentjies en vra jousef af: "Hoe waarskynlik is dit dat dit vandag kan gebeur?"



1. Teken en maak hierdie twee nette op karton. Sny, vou en plak hulle aanmekaar om twee dobbelstene te vorm.



2. Gooi die twee dobbelstene 100 keer en skryf neer elke keer die selfde twee letters verskyn. Gebruik telstrepies om jou antwoorde op te teken in die tafel hieronder.

Kombinasie verkry	Kere wat die kombinasie verkry is
a a	
b b	
c c	
d d	
e e	
f f	

3. Vergelyk jou antwoorde met 'n maat s'n. Is dit dieselfde? Hoekom?

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

4. Jy het die volgende nodig:

'n Leë sakkie.



Maak 'n stel van 10 kaarte deur karton of papier te gebruik. Elke kaart moet 'n vierkant van 4 cm by 4 cm wees. Knip die tien kaarte uit en plaas dit in die sakkie.

x	y	z	m	m
a	a	a	b	k

5. Trek 'n kaart uit die sakkie en maak 'n telstrepie langs die letter wat jy getrek het. Plaas die kaart weer terug in die sakkie. Doen dit 100 keer.

Getal op die kaart	Aantal kere wat dié getal getrek is
x	
y	
z	
m	
a	
b	
k	

6. Vergelyk jou antwoorde met jou maat s'n. Is dit dieselfde? Hoekom?

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

7. Die waarskynlikheid dat jy 'n getal x-kaart uit die sakkie sal trek is 1 uit 10. Ons kan dit skryf as  $\frac{1}{10}$ .

Wat is die waarskynlikheid dat jy 'n y-kaart? , z-kaart? , m-kaart? ,  
a-kaart? , b-kaart? , en k-kaart sal trek?

Probleemoplossing



**Kaartpret:** Doen 'n soortgelyke aktiwiteit, maar gebruik die volgende vierhoekige kaarte. Wat is die waarskynlikheid dat jy 'n kaart met 'n vierkant sal teken?

Tekem:


Datum:

Kyk na hierdie datahanteringsiklus en beskryf dit.





1. Beantwoord die vraag oor die piktoqram.

Motors wat in 2013 verkoop is



Sleutel

 = 100 000 motors  
 = 50 000 motors

a. Voltooi die tabel. Hoeveel motors is in elke kwartaal verkoop?

1ste kwartaal Januarie – Maart	2de kwartaal April – Junie	3de kwartaal Julie – September	4de kwartaal Oktober – Desember

b. Hoekom dink jy is meer motors gedurende die 4de kwartaal verkoop?

c. Kyk na die datahanteringsiklus. Watter stappe van die datahanteringsiklus moes gebeer voordat jy die piktoqram kon teken? Watter stappe moet steeds gebeer om die datahanteringsiklus te voltooi? Wat dink jy het voor hierdie piktoqram gebeer? Wat sal ná die piktoqram gebeer?





# Notas

A large rectangular area with horizontal blue dashed lines for writing notes.



0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14



Graad **7**

W i s k u n d e

DEEL

**2**

WERKBLAAIE

**1 tot 64**

AFRIKAANS

Boek

**1**

## 1

# Kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging

## Kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging

Is die volgende waar of onwaar?

- $3 + 4 = 4 + 3$
- $3 \times 4 = 4 \times 3$
- $20 + 5 = 5 + 20$
- $20 \times 5 = 5 \times 20$



Die **kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging** sê dat jy getalle kan omruil en steeds dieselfde antwoord kan kry wanneer jy optel of vermenigvuldig. Dit maak nie saak in watter volgorde jy die getalle rondskuif nie.

'n **Vergelyking** sê dat twee dinge dieselfde is deur 'n gelykaanteken (=) te gebruik. Bv.  $7 + 4 = 12 - 1$

Wat let jy op?

1. Gebruik die kommutatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die vergelykings waar te maak.

**Voorbeeld:**  $5 + 1 = 1 + 5$  (optelling) en  $5 \times 1 = 1 \times 5$  (vermenigvuldiging)

a.  $13 + 2 =$

b.  $62 + 31 =$

c.  $4 \times 5 =$

d.  $7 \times 9 =$

e.  $\quad = 8 \times 9$

f.  $\quad = 15 \times 12$

- g. Maak jou eie vergelykings deur die kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging te gebruik.



2. Gebruik die kommutatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die vergelykings waar te maak.

**Voorbeeld:**  $f + e = e + f$  (optelling) en  $f \times e = e \times f$  (vermenigvuldiging)

a.  $a + b =$

b.  $c \times d =$

c.  $m \times n =$

d.  $\quad = g + h$

e.  $\quad = p \times 2$

f.  $s \times t =$

- g. Maak jou eie vergelykings deur die kommutatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging te gebruik.

3. Toon aan dat die vergelykings bevredig word as  $a = 2$ ,  $b = 5$  en  $c = 3$

Voorbeeld:  $a + b = b + a$  (optelling)

$$a + b = 2 + 5$$

$$= 7$$

$$\therefore a + b = b + a$$

$a \times b = b \times a$  (vermenigvuldiging)

$$a \times b = 2 \times 5$$

$$\text{en } b \times a = 5 \times 2$$

$$= 10$$

$$= 10$$

$$\therefore a \times b = b \times a$$

a.  $a + c = c + a$

b.  $a \times c = c \times a$

c.  $b \times a = a \times b$

d.  $b + a = a + b$


e.  $b \times c = c \times b$

f.  $b + c = c + b$

4. Skryf 'n vergelyking om te wys hoe elke diagram die kommutatiewe eienskap van vermenigvuldiging illustreer.










Probleemoplossing

As  $a = 20$  en  $b = 15$ , skryf 'n assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging stelling en los dit op.

Tekem:

Datum:

# Assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging

Is die volgende waar of onwaar?

$$5 + (3 + 2) = (5 + 3) + 2$$

$$9 \times (2 \times 3) = (2 \times 3) \times 9$$

$$(12 + 14) + 13 = 12 + (14 + 13)$$

$$(11 \times 2) \times 4 = 11 \times (2 \times 4)$$

Wat let jy op?



Die **assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging** sê dit maak nie saak hoe jy getalle groepeer wanneer jy optel of vermenigvuldig nie.

1. Gebruik die assosiatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die stellings waar te maak.

**Voorbeeld:**  $(5 + 1) + 3 = 5 + (1 + 3)$  (optelling)

$(5 \times 1) \times 3 = 5 \times (1 \times 3)$  (vermenigvuldiging)

a.  $(6 + 2) + 4 =$

Bereken:

b.  $(7 + 3) + 1 =$

c.  $8 \times (10 \times 4) =$

d.  $4 \times (5 \times 2) =$

e.  $(11 \times 3) \times 2 =$

f.  $(12 \times 2) \times 4 =$

2. Gebruik die assosiatiewe eienskap van optelling of vermenigvuldiging om die stellings waar te maak.

**Voorbeeld:**  $f + (g + h) = (f + g) + h$  (optelling)

$f \times (g \times h) = (f \times g) \times h$  (vermenigvuldiging)

a.  $(a + b) + c =$

b.  $(m + n) + c =$

c.  $(g \times h) \times i =$

d.  $(c \times d) \times f =$

e.  $(k \times z) \times d =$

f.  $(a + d) + v =$

g.  $(a \times c) \times d =$

h.  $(k \times l) \times m =$

i.  $(v + c) + r =$

3. As  $a = 2$ ,  $b = 4$  en  $c = 3$ , toon aan dat die assosiatiewe wette geld en bereken die antwoorde.

**Voorbeelde:**

$$\begin{aligned} a + (b + c) &= (a + b) + c \\ 2 + (4) + 3 &= 2 + (4 + 3) \\ = 2 + (4 + 3) &= 6 + 3 \\ = 2 + 7 = 9 &= 9 \end{aligned}$$

$$\therefore a + (b + c) = (a + b) + c$$

$$\begin{aligned} a \times (b \times c) &= (a \times b) \times c \\ 2 \times (4 \times 3) &= (2 \times 4) \times 3 \\ = 2 \times 12 &= 8 \times 3 \\ = 24 &= 24 \end{aligned}$$

$$\therefore a \times (b \times c) = (a \times b) \times c$$

a.  $(c + a) + b = c + (a + b)$

b.  $(b \times a) \times c = a \times (b \times c)$

c.  $b \times (c \times a) = c \times (b \times a)$

d.  $b + (c + a) = (b + c) + a$

4. Toon aan dat die uitdrukkings bevredig word as  $m = 1$ ,  $n = 7$  en  $q = 2$ .

a.  $(q + m) + n = q + (m + n)$

b.  $(n \times m) \times q = m \times (n \times q)$

c.  $n \times (q \times m) = q \times (n \times m)$

d.  $n + (q + m) = (n + q) + m$

### Probleemoplossing

As  $a = 25$ ,  $b = 30$  en  $c = 10$ , skryf 'n **assosiatiewe eienskap van optelling en vermenigvuldiging**-stelling en bereken die antwoorde.

Tekem:

Datum:

# Distributiewe eienskap van vermenigvuldiging oor optelling

2(3)

3(9)

4(100)

4(6)

7(8)





Wat beteken die hakies?

Kyk na hierdie stelling:  $2(3+2)$ .

Hoe dink jy sal ek dit bereken?

1. Gebruik die distributiewe eienskap om 'n som vir elke diagram te skryf sodat jy die totale aantal blokkies in elke tekening kan bereken.

**Voorbeeld:**



$$2 \times 3 + 2 \times 5$$

$$2(3 + 5)$$

b.





d. Teken 'n diagram vir:

i.  $5(2 + 3)$

Met die distributiewe eienskap kan jy 'n enkele getal met elk van twee of meer getalle tussen hakies vermenigvuldig (die produk word daarna bymekaar gevoeg).


Jy sal dieselfde antwoord kry wanneer jy vermenigvuldig met 'n groep van getalle wat bymekaar gevoeg is, as wanneer jy elke vermenigvuldiging afsonderlik doen en dit dan bymekaar voeg.

Bv.  $2(3 + 2) = 2(5) = 10$

$$2(3 + 2) = (2 \times 3) + (2 \times 2) = 6 + 4 = 10$$


Gewoonlik volg ons die reël dat enigiets tussen hakies eerste gedoen moet word. In hierdie voorbeeld sou dit baie maklik gewees het om dit te doen:  $2(3+2) = 2(5) = 10$ . Maar die distributiewe eienskap is baie nuttig wanneer dit wat binne die hakies is meer ingewikkeld is.

a.






c.





ii.  $6(1 + 4)$

2. Gebruik die distributiewe eienskap van vermenigvuldiging om hierdie stellings waar te maak.

**Voorbeeld:**  $4(5 + 9) = 4 \times 5 + 4 \times 9 = (4 \times 5) + (4 \times 9)$

a.  $3(4 + 2) =$

Bereken dit:

3	4	2
	12	+ 6 = 18

b.  $10(2 + 3) =$

		+ =

c.  $5(3 + 1) =$

		+ =

3 Gebruik die distributiewe eienskap van vermenigvuldiging om hierdie stellings waar te maak.

**Voorbeeld:**  $4 \times 5 + 4 \times 3 = (4 \times 5) + (4 \times 3) = 4(5 + 3)$

a.  $3 \times 2 + 3 \times 5 =$

Bereken dit:

3	2	5
	6	+ 15 = 21

b.  $6 \times 1 + 6 \times 4 =$

		+ =

c.  $3 \times 2 - 3 \times 1 =$

		+ =

4. As  $a = 3$ ,  $b = 2$  and  $c = 4$ , bereken die volgende:

**Voorbeeld:**  $a(b + c) = a \times b + a \times c$   
 $3(2 + 4) = 3 \times 2 + 3 \times 4$   
 $3(6) = 6 + 12$   
 $18 = 18$

a.  $b(a + c)$

b.  $c(b + a)$

c.  $a(c + b)$

**Probleemoplossing**

As  $a = 5$ ,  $b = 9$  and  $c = 11$ , skryf 'n distributiewe eienskap-stelling en bereken die antwoord.

Tekem:

Datum:

## 4

# Nul as die identiteit van optelling en een as die identiteit van vermenigvuldiging

Wat let jy op?

$$3 + 0 = \quad 5 + 0 = \quad 100 + 0 =$$

$$0 + 16 = \quad 0 + 250 = \quad 72 + 0 =$$

$$3 \times 1 = \quad 5 \times 1 = \quad 100 \times 1 =$$

$$1 \times 16 = \quad 1 \times 250 = \quad 72 \times 1 =$$



**Nul as die identiteit van optelling:**

Die som van nul en enige getal is die getal self. Die antwoord sal altyd die getal wees waarby **nul** gevoeg word.



**Een as die identiteit van vermenigvuldiging:**

Die produk van 1 en enige getal is altyd die getal self. Die antwoord sal altyd die getal wees waarmee **een** vermenigvuldig word.

1. Gebruik nul as die identiteit van optelling, of een as die identiteit van vermenigvuldiging om 'n som vir die volgende te skryf:

		Nul as die identiteit van optelling	Een as die identiteit van vermenigvuldiging
a.	5	$5 + 0 = 5$	$5 \times 1 = 5$
b.	7		
c.	9		
d.	100		
e.	34		
f.	2,5		
g.	0,1		

2. Gebruik nul as die identiteit van optelling, of een as die identiteit van vermenigvuldiging om die volgende op te los:

a.  $b + 0 = \boxed{\quad}$

b.  $d \times \boxed{\quad} = d$

c.  $e \times 1 = \boxed{\quad}$

$b \times 1 = \boxed{\quad}$

$d + \boxed{\quad} = d$

$e + 0 = \boxed{\quad}$




3. Kies die korrekte eienskap van getalle om 'n ekwivalente stelling te skryf om die vergelyking te voltooi.

a.  $4 + 5 =$

$4 + 5 = 5 + 4$

b.  $2(3 + 9) =$

c.  $3 + (4 + 8) =$

d.  $5(9 - 8) =$

e.  $9 + 12 =$

f.  $(2 \times 5) \times 11 =$

4. Sê of die volgende waar of onwaar is. Indien dit onwaar is, verduidelik hoekom dit onwaar is.

a.  $9 + 2 = 2 + 9$

b.  $5 - 4 = 4 - 5$

c.  $4(2 + 1) = 4 \times 2 + 4 \times 1$

d.  $3 + 0 = 3$

e.  $8 - (3 - 2) = (8 - 3) - 2$

f.  $2(5 - 4) = 2 \times 5 - 2 \times 4$

5. As  $a = 2$ ,  $b = 5$ ,  $c = 8$ , bereken die LK en die RK:

**Voorbeeld:**  $b + a = a + b$   
 $5 + 2 = 2 + 5$   
 $7 = 7$

a.  $a + c = c + a$

b.  $b + (c + a) = (b + c) + a$

c.  $a + 0 =$

d.  $b(a + c)$

e.  $a(c - b)$

f.  $b \times 1 =$

6. Pas kolom A by kolom B

**Kolom A**

Assosiatiewe eienskap van getalle

Kommutatiewe eienskap van getalle

Distributiewe eienskap van getalle

Nul as die identiteit van optelling

Een as die identiteit van vermenigvuldiging

**Kolom B**

$a \times 1 = a$

$(a + b) + c = a + (b + c)$

$a + 0 = a$

$a + b = b + a$

$a(b + c) = a \times b + a \times c$

**Probleemoplossing**

- Wat moet ek by 'n getal voeg sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?
- Met wat moet ek 'n getal vermenigvuldig sodat die antwoord dieselfde as die getal sal wees?
- Skryf vyf stellings wat waar is deur die eienskappe van getalle te gebruik.
- Skryf vyf stellings wat onwaar is deur die eienskappe van getalle te gebruik. Verduidelik jou antwoord.

Tekem:

Datum:

Hoe vinnig kan jy die eerste 12 veelvoude van hierdie getalle opnoem: 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, en 10?

Hoe het die getallebord jou gehelp?



×	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

### 1. Gebruik die getallebord om die volgende te voltooi:

**Voorbeeld:** Die veelvoude van 6 is 6, 12, 18, ... 72, of

Ons kan dit skryf as: veelvoude van 6: {6, 12, 18, 24, 30, 36, 42, 48, 54, 60, 66, 72}

a. Veelvoude van 4: {\_\_\_\_\_}

b. Veelvoude van 7: {\_\_\_\_\_}

c. Veelvoude van 5: {\_\_\_\_\_}

d. Veelvoude van 8: {\_\_\_\_\_}

e. Veelvoude van 2: {\_\_\_\_\_}

f. Veelvoude van 9: {\_\_\_\_\_}

### 2. Skryf die eerste 12 veelvoude van die getalle hieronder neer. Omkring al die gemene veelvoude en identifiseer die kleinste gemene veelvoud (KGV).

**Voorbeeld:** Veelvoude van 2: 2, (4), 6, (8), 10, (12), 14, (16), 18, (20), 22, (24)

Veelvoude van 4: (4), (8), (12), (16), (20), (24), 28, 32, 36, 40, 44, 48

Die KGV is 4.

a. Veelvoude van 5: { \_\_\_\_\_ }  
Veelvoude van 10: { \_\_\_\_\_ }  
KGV? \_\_\_\_\_

b. Veelvoude van 5: { \_\_\_\_\_ }  
Veelvoude van 6: { \_\_\_\_\_ }  
KGV? \_\_\_\_\_

c. Veelvoude van 90: { \_\_\_\_\_ }  
Veelvoude van 20: { \_\_\_\_\_ }  
KGV? \_\_\_\_\_

### 3. Wat is die KGV van die volgende?

**Voorbeeld:** Veelvoude van 4 en veelvoude van 7  
Veelvoude van 4: { 4, 8, 12, 16, 20, 24, (28) }  
Veelvoude van 7: { 7, 14, 21, (28) }

a. Veelvoude van 2 en veelvoude van 8

b. Veelvoude van 3 en veelvoude van 6

c. Veelvoude van 5 en veelvoude van 3

d. Veelvoude van 4 en veelvoude van 8

e. Veelvoude van 70 en veelvoude van 60

f. Veelvoude van 100 en veelvoude van 125

#### Probleemoplossing

In ons huise tref 'n mens verskeie dinge in veelvoude aan. Gee vyf voorbeelde van dinge in jou huis wat in veelvoude is.

Teken:

Datum:

Jou kleinboet het jou aantekeninge deurmekaar gemaak. Vind die ontbrekende inligting.

'n Getal is deelbaar deur  indien die getal wat deur die laaste drie syfers gevorm word deelbaar is deur 8.

'n Getal is deelbaar deur  indien die som van die syfers deelbaar is deur 3.

'n Getal is deelbaar deur 10 indien die laaste syfer  is.

'n Getal is deelbaar deur  indien die laaste syfer óf 0 óf 5 is.

'n Getal is deelbaar deur 4 indien die getal wat deur die laaste twee syfers gevorm word deelbaar is deur .

'n Getal is deelbaar deur 9 indien die som van die syfers deur 9 deelbaar is.

'n Getal is deelbaar deur  indien die laaste syfer 0, 2, 4, 6 of 8 is.

'n Getal is deelbaar deur 6 indien dit deelbaar deur 2 en deelbaar deur ..... is.

1. Maak 'n regmerkies indien die getalle deur 2, 3, 4, 5 of 10 deelbaar is. Daar kan meer as een antwoord wees.

	2	3	4	5	10
a. 376	✓				
b. 7 232					
c. 9 050					
d. 6 312					
e. 2 355					

2. Waardeur is die volgende getalle deelbaar?

Voorbeeld: 6 is deelbaar deur 1, 2, 3 en 6.

a. 12

b. 36

c. 42

d. 24

e. 64

3. Watter twee getalle gee jou hierdie getal wanneer dit vermenigvuldig word?

Voorbeeld:  $6 = 2 \times 3$ ,  $6 = 1 \times 6$

a. 12

b. 36

c. 42

d. 24

e. 64

4. Wat let jy op wanneer jy die antwoorde op vrae 2 en 3 vergelyk?

5. Vir elkeen van die getalle hieronder, skryf neer:

(i.) So veel as moontlik vermenigvuldigingsomme wat gebruik maak van slegs twee getalle wat hierdie antwoord sal gee.

(ii.) Al die getalle wat jy gebruik in die vermenigvuldigingsomme, in stygende orde (maar moenie 'n getal herhaal nie). (iii) Voltooi die sin: "Hierdie is die faktore van \_\_\_." (iv) Voltooi die sin: Faktore van \_\_\_ = {\_\_\_\_\_}

- Voorbeeld:** i. 12:  $1 \times 12, 2 \times 6, 3 \times 4$   
 ii. 1, 2, 3, 4, 6, 12  
 iii. Hierdie is die faktore van 12.  
 iv. Faktore van 12 = {1, 2, 3, 4, 6, 12}

a. i. 18: _____ ii. _____ iii. _____ iv. Faktore van ___ = {_____}	b. i. 25: _____ ii. _____ iii. _____ iv. F___ = {_____}	c. i. 36: _____ ii. _____ iii. _____ iv. F___ = {_____}
--	---	---

6. Gebruik die voorbeeld hieronder aangedui.

- Voorbeeld:** i. Faktore van 12 is ①, ②, ③, 4, ⑥ en 12  
 Faktore van 30 is ①, ②, ③, 5, ⑥, 10, 15 en 30  
 ii. Die gemeenskaplike faktore is: 1, 2, 3, 6  
 iii. Die grootste gemene deler is 6.

Die afkorting vir die grootste gemene deler is GGD.



a. Faktore van 8: {...} Faktore van 16: {...}	b. Faktore van 3: {...} Faktore van 12: {...}	c. Faktore van 3: {...} Faktore van 9: {...}
(i) <input type="text"/>	(i) <input type="text"/>	(i) <input type="text"/>
(ii) <input type="text"/>	(ii) <input type="text"/>	(ii) <input type="text"/>
(iii) <input type="text"/>	(iii) <input type="text"/>	(iii) <input type="text"/>

7. Voltooi die tabel.

	Woorde	Faktore	Gemeenskaplike faktore	GGD
a. 4 en 8	Faktore van 4 en Faktore van 8	1, 2, 4, 1, 2, 4, 8	1, 2, 4,	4
b. 9 en 12				
c. 4 en 28				
d. 12 en 36				

Vind uit!

Waar in die alledaagse lewe sal ons GGD gebruik?

Tekem:

Datum:

Onthou dat 'n verhouding 'n vergelyking tussen twee getalle is.  
Bespreek die volgende:

Daar is 1 seun en 3 meisies in die vertrek.  
Jy kan die verhouding skryf as: 1:3

$\frac{1}{4}$  is seuns

0,25 is seuns

25% is seuns

$\frac{3}{4}$  is meisies

0,75 is meisies

75% is meisies

### 1. Skryf hierdie verhoudings as breuke. Gebruik seuns:meisies vir al jou verhoudings.

**Voorbeeld:** 2 seuns:3 meisies is dieselfde as  $\frac{2}{5}$  is seuns en  $\frac{3}{5}$  is meisies

a. 3:4

b. 5:7

c. 6:8

d. 3:9

e. 1:2

f. 7:9

### 2. Skryf die volgende verhoudings as persentasies.

**Voorbeeld:**



is dieselfde as

3:7

$\frac{3}{10}$  en  $\frac{7}{10}$

= 0,3 en 0,7

= 30% en 70%



a. 4:6

b. 2:8

c. 5:5

Probeer nou die volgende. Jy moet kophou om dit as 'n persentasie te skryf.

d. 12:13


e. 20:30

f. 1:3

### 3. Los die probleme op.

- a. Daar was 6 fietsryers met rooi bergfietse en 4 met groen bergfietse by die resies. Wat was die verhouding van rooi tot groen bergfietse? Skryf jou antwoord as 'n gewone breuk, 'n desimale breuk en 'n persentasie.

- b. As die lengte van die sy van 'n vierkant verdubbel word, wat is die verhouding van die oppervlakte van die oorspronklike vierkant tot die oppervlakte van die nuwe vierkant? Skryf weer jou antwoorde as 'n gewone breuk, 'n desimale breuk en 'n persentasie.



#### Probleemoplossing

Daar is 600 leerlinge in 'n skool. Die verhouding van seuns tot meisies in hierdie skool is 9:11. Hoeveel meisies en hoeveel seuns is in hierdie skool?



Tekem:

Datum:

Kyk na die voorbeelde van verhouding en koers.  
Gee nog 5 voorbeelde uit die alledaagse lewe.

Verhouding en koers word gebruik om baie alledaagse probleme op te los wat die vergelyking van verskillende getalle behels.

'n Verhouding vergelyk die grootte, of omvang, van twee getalle **van dieselfde soort**.

'n Verhouding wat hoeveelhede van verskillende tipes (van meting eenhede) vergelyk wat met mekaar verband hou, staan bekend as 'n koers.

4:5  
4 seuns tot 5 meisies



R25 per kg



1. Vind die eenheidskoers. (Die eenheidskoers beskryf hoeveel ene van die eerste tipe kwantiteit [hoeveelheid] ooreenstem met een eenheid van die tweede tipe kwantiteit.)

**Voorbeeld:** 50 hamburgers in 10 dae = **5** hamburgers **per** dag.

- a. 24 bestellings in 3 dae =  bestellings per dag.  
b. 36 kolwyntjies in 3 bokse =  kolwyntjies per boks.  
c. 12 koerante in 2 hopies =  koerante per hapie.  
d. 16 snye van 2 koeke =  snye per koek.  
e. 120 bladsye in 3 dae =  bladsye per dag.

Verduidelik hoe jy elke keer by die antwoord uitkom.



2. Vind die eenheidskoers vir elkeen.

**Voorbeeld:**  $\frac{600 \text{ kilometer}}{60 \text{ liter}} = \frac{10 \text{ kilometers}}{1 \text{ liter}} = 10 \text{ kilometer/liter}$

- a.  $\frac{R150}{75 \text{ kilogram}} =$
- b.  $\frac{80 \text{ meter}}{8 \text{ sekondes}} =$
- c.  $\frac{R200}{8 \text{ liter}} =$
- d.  $\frac{10 \text{ kilometer}}{20 \text{ minute}} =$

### 3. Los die volgende op. Wys al jou berekeninge.

a. Herfs het begin en oor 'n periode van 4 uur het 120 blare van 'n boom afgeval. Teen hierdie koers, hoeveel blare het in een uur geval?	b. Pieter het altesame 1 000 km gery en 100 liter petrol gebruik. Wat is hierdie koers in kilometer per liter?
c. Zaheeda het 9 doele in 5 netbalwedstryde aangeteken. Teen hierdie koers, hoeveel doele het sy in elke wedstryd aangeteken?	d. Richard klim berg en vorder 120 meter elke uur. Teen hierdie koers, hoeveel meter sal hy in 4 uur aflê?

### 4. Ons gebruik koers daaglik. Gee vyf voorbeelde en skryf elke een as 'n eenheidskoers.

Alledaagse voorbeeld	Eenheidskoers
a. Ons het 5 km skool toe gery, en dit het 10 minute geneem.	
b.	
c.	
d.	
e.	

#### Probleemoplossing

'n Watertenk wat 100 liter bevat, lek teen 'n koers van 2 liter/minuut. Hoe lank sal dit teen hierdie koers neem om 24 liter te vermors?

Tekem:

Datum:

Die rand, simbool: **R**; kode: **ZAR**, is die geldeenheid van Suid-Afrika. Dit ontleen sy naam aan die Witwatersrand, die rif waarop Johannesburg gebou is en waar die meeste van Suid-Afrika se gouddepositos gevind is. Die rand het die simbool "R" en is gelyk aan 100 sent, met die simbool "c".

Vind uit wat die geldeenheid voor rand en sent was.



### Die verdien-en-bestee-spel!



Jy verkoop 'n paar goedere. Beweeg een ry op en verdien R100.



Jy koop 'n paar goedere. Beweeg een ry af en betaal R100.

#### Hoe om te speel:

- Plaas elke speler se teken op die vierkant 1 (Begin). Neem beurte om 'n dobbelsteen te gooi om te sien hoeveel vierkante jy kan regs skuif.
- Wanneer jy na die volgende ry opbeweeg, skuif na links (soos jy kan sien op die genommerde blokkies).
- Wanneer jy op 'n noot land, kan jy die noot se waarde versamel.
- Wanneer jy op 'n verkoop trollie land, skuif een ry op en verdien R100.
- Wanneer jy op n koop trollie land, skuif een ry af en betaal R100. (Indien jy nie R100 het nie, skuif een ry af en verloor die volgende beurt.)
- Die wenner is die persoon wat met die meeste geld eindig.

1. As dit die uitslae was van die getalle waarop jou dobbelsteen geland het, hoeveel geld het jy aan die einde van hierdie gooie? Gebruik ná elke resultaat 'n getallesin of woordsom om te beskryf wat gebeur het.

Getal op dobbelsteen	Getallesin of woordsom.
6	Verdien R20
6	$R20 + R100 = R120$
3	$R120 +$
6	
1	
3	
6	
3	
2	
5	
5	
6	
2	
4	
2	
5	

### Probleemoplossing

Maak jou eie dobbelsteentjies en gebruik twee klippies as spelsteentjies. Speel hierdie spel met 'n familielid.



Tekem:

Datum:

## Weet jy wat wins, verlies en afslag beteken?



**Wins** is die surplus wat oorbly nadat totale koste van totale inkomste afgetrek word.

**Verlies** is wanneer meer uitgegee word as wat ingekry word.

**Afslag** is die bedrag wat voor betaling van die vraprys afgetrek word.

**Onthou:** wins en verlies hou nie net met besighede verband nie, maar ook met jou persoonlike inkomste.



## 1. Maak jy 'n wins of verlies in die volgende voorbeelde? Hoeveel wins of verlies?

(Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.)

- a. Jy koop lekkers teen 45c elk en verkoop dit teen 65c elk.  
Ek het 'n wins/verlies van \_\_\_\_\_ (bedrag) per lekker maak.



- b. Jy koop potlode teen R2,00 elk en verkoop dit teen R2,40 elk aan jou vriende. Jy verkoop altesame 40 potlode.  
Ek het 'n wins/verlies van \_\_\_\_\_ (bedrag) maak.



- c. Op Saterdag huur jy 'n stalletjie by die plaaslike snuffelmark vir R50. Jy koop vrugtesap vir R1,50 elk en verkoop dit vir R2,50 elk. Laas Saterdag was dit koud en dus het jy net 40 verkoop.  
Ek het 'n wins/verlies van \_\_\_\_\_ (bedrag) maak.



- d. Jy koop lekkers in groot pakke van 100 vir R10,45 per pak. Jy verkoop dit aan jou maats vir 30c per lekker. Gedurende eerste pouse slaag jy daarin om 75 lekkers te verkoop.  
Ek het 'n wins/verlies van \_\_\_\_\_ (bedrag) maak.



- e. Jy koop vrugte direk van die mark en verkoop dit aan jou bure, vriende en familie. Laas naweek het jy 3 bokse piesangs gekoop. Elke boks bevat 12 trosse van 12 piesangs elk. Elke boks kos R75. Jy slaag daarin om 80% van die piesangs te verkoop teen 65c elk voordat die res te ryp was om te verkoop en jy dit moes weggooi.  
Ek het 'n wins/verlies van \_\_\_\_\_ (bedrag) maak.



**Wins** kan op verskillende maniere bereken word. Normaalweg, wanneer ons oor 10% wins praat, bereken ons dit op die kosprys. Soms verwys ons ook na 'n 10%-prysopslag. Die formule vir die persentasie wins is:

$$\frac{\text{Wins (= Verkoopprys - Kosprys)} \times 100}{\text{Kosprys}} \times \frac{100}{1}$$

Byvoorbeeld, as my sokkerbal my R200 kos en ek verkoop dit vir R220 maak ek 'n wins van 10%.

$$\frac{\text{R20 (= R220 - R200)}}{\text{R200}} \times \frac{100}{1} = 10\%$$

## 2. Watter prys moet ek daarvoor vra?

- Jy koop lekkers teen 45c elk en jy wil 'n wins van 25% maak. Teen watter prys moet jy dit verkoop? \_\_\_\_\_ (bedrag)
- Jy koop penne teen R1,27 elk en jy wil 'n wins van 17% maak. Teen watter prys moet jy dit verkoop? \_\_\_\_\_ (bedrag)
- Op Saterdag huur jy 'n stalletjie by die plaaslike snuffelmark teen R50. Jy koop vrugtesap teen R1,50 per boks en jy verkoop normaalweg 200 ene per Saterdag. As jy 'n wins van 35% wil maak nadat jy vir die stalletjie betaal het, hoeveel moet jy per vrugtesap vra? \_\_\_\_\_ (bedrag)



## 3. Sal ek steeds 'n wins maak as ek dit teen afslag verkoop?

(Omkring die korrekte antwoord en bereken die bedrag.)

Jy koop lekkers in groot pakke van 100 teen R12,45 per pak. Jy verkoop dit aan jou vriende teen 20c per lekker. As hulle 10 lekkers of meer op 'n keer koop, gee jy hulle afslag van 25%. Gedurende die eerste pouse verkoop jy 35 los lekkers en 25 lekkers teen afslagprys.

Wat sal jou wins wees? \_\_\_\_\_ (bedrag)

### Probleemoplossing

As jy jou fiets vir R1 300 gekoop het en dit vir R1 500 verkoop, watter persentasie afslag op die verkoopprijs kan jy toestaan aan die maat wat jou fiets wil koop, en steeds wins van R50 maak?

Teken:

Datum:

Weet jy wat 'n begroting is? Kan ek my eie begroting hê of is dit slegs vir grootmense?



**Begroting** is die skatting van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode.



**Begroting** is soos 'n skaal waarop jy jou inkomste en jou uitgawes probeer balanseer.

Belangrik: Jou inkomste moet altyd groter as jou uitgawes wees.



Die opstel van 'n begroting is die belangrikste stap om jou geldsake te beheer. Die eerste begrotingsreël: **bestee minder as wat jy verdien!**

**Voorbeeld:** As jy 'n toelaag (sakgeld) van R50 per maand ontvang en nog R30 vir jou verjaarsdag ontvang, kan jy nie meer as R80 vir die hele maand uitgee nie.

### Struktureer jou begroting

#### 1. Bepaal jou inkomste

Maak 'n lys van al jou maontlike inkomste en skat die bedrag wat jy gedurende die volgende maand sal verdien.

Inkomste	Geraamde bedrag
Geraamde totale inkomste	

#### 2. Skat jou uitgawes

Maak 'n lys van al jou maontlike uitgawes en skat die bedrag wat jy gedurende die volgende maand wil bestee.

Uitgawes	Geraamde bedrag
Geraamde totale uitgawes	



**Bestee minder as wat jy verdien!**

**Netto inkomste** is, soos wins, die surplus wat oorbly nadat alle koste afgetrek is van die totale (of **bruto**) inkomste. As die uitgawes die inkomste oorskry, noem ons dit 'n **tekort**.

### 3. Maak ek 'n surplus?

Trek jou totale uitgawes van jou totale inkomste af om te bepaal of jy 'n surplus of tekort gaan kry.

	Geraamde bedrag
Totale inkomste	
Totale uitgawes	
<b>Netto inkomste</b>	

### 4. Wat kan ek met my surplus doen?

Maak 'n lys van dinge wat jy met jou surplus kan doen.



Dit is altyd 'n uitstekende idee om vir swaarkrytje te spaar!

### 5. Spaargeld

As ek daarin slaag om R80 elke maand te spaar, hoe lank moet ek spaar om vir myself 'n nuwe rekenaarspeletjie teen R499,95 te koop?

maande

### 6. Bly op hoogte van jou begroting

Gebruik die tabel hieronder en stel 'n begroting in jou skryfboek op. Voltooi jou begroting en gaan jou werklike uitgawes vir die volgende maand na.

Inkomste	Werklike bedrag	Geraamde bedrag	Verskil
<b>Geraamde totale inkomste</b>			
<b>Uitgawes</b>			
<b>Geraamde totale uitgawes</b>			
<b>Netto inkomste</b>			

#### Probleemoplossing

Beskryf in jou eie woorde wat jy van hierdie woorde dink: "'n Begroting sê vir ons wat ons nie kan bekostig nie, maar dit keer ons nie om dit te koop nie."

Tekem:

Datum:

### Wat is 'n lening? Wat is rente?



'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of 'n maatskappy leen met die doel om wins uit rente te behaal wanneer die geld terugbetaal word.

**Rente** is die tarief wat 'n uitlener vir 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen is, ook bekend as rentekoers.



Dit is nooit 'n goeie idee om geld te leen nie. Dis beter om te spaar totdat jy dit kan bekostig om iets te koop.



Wanneer iemand geld aan iemand anders leen, betaal die lener gewoonlik 'n tarief aan die uitlener. Hierdie tarief word 'rente' genoem. Daar is twee soorte rente: **enkelvoudige** en **saamgestelde** rente. **Enkelvoudige** of **eenvormige rente** word gewoonlik jaarliks betaal as 'n vaste persentasie van die bedrag wat aan die begin geleen of uitgeleen is. Met **saamgestelde** rente betaal jy rente op die rente! Die formule vir **enkelvoudige rente** is soos volg:

Rente = Hoofsom  $\times$  Koers  $\times$  Tyd

Waar:

**Rente** is die totale bedrag is wat aan rente betaal.

**'Hoofsom'** is die bedrag wat uitgeleen of geleen is.

**'Koers'** is die persentasie van die hoofsom wat jaarliks as rente gehef word.

**'Tyd'** is die tyd in jare waarin die lening terugbetaal moet word.

### 1. Berekening van die rentebedrag

Ek wil 'n nuwe fiets koop om koerante af te lewer. Ek het nie genoeg geld nie, maar 'n maat bied aan om die geld vir my te leen. Ek stem in om die geld ná 1 jaar terug te betaal teen 10% rente per jaar. Ek leen R1 500.

a. Hoeveel rente moet ek betaal?

---

b. Wat is die totale bedrag wat ek aan my maat moet terugbetaal?

---

c. As ek besluit om hom weekliks terug te betaal, wat sal my weeklikse paaieiment wees?

---

d. As die rentekoers 12% in plaas van 10% is, hoeveel meer moet ek vir my fiets betaal?

---

## 2. Berekening van die rentekoers

Ek leen R3 000 van die bank om 'n rolstoel vir my siek broer te koop. Die kontrak stipuleer dat ek ná 2 jaar R3 900 aan die bank moet terugbetaal.

a. Hoeveel rente moet ek per jaar aan die bank terugbetaal?

---

b. Wat is die rentekoers wat ek moet betaal?

---

c. As ek besluit om die bank weekliks te betaal, wat sal my weeklikse paaiement wees?

---

d. As ek die lening ná een jaar terugbetaal, sal die bank my net R3 360 vra. Wat sal die rentekoers wees as ek hulle ná een jaar terugbetaal?

---

## 3. Berekening van die terugbetalingsperiode

a. As die formule vir die berekening van rente is:  $\text{Rente} = \text{Hoofsom} \times \text{Koers} \times \text{Tyd}$ , wat sal die formule wees vir die berekening van die leningstydperk?

---

b. Ek het R5 000 by die bank geleen en hulle hef 10% enkelvoudige rente per jaar. Die totale bedrag wat ek moet terugbetaal, is R6 750. Hoe lank sal dit neem om die lening terug te betaal?

---

c. Die rentekoers verander na 12% en die totale terugbetaling beloop R8 360. Wat is die terugbetalingstydperk vir die lening van R5 000?

---

d. Die totale rente wat ek op 'n lening van R7 500 moet betaal, is R7 200 en die rentekoers wat ek betaal is 12%. Hoeveel jaar sal dit my neem om die lening terug te betaal?

---

### Probleemoplossing

Ek betaal R452 per maand op my lening terug. Die rentekoers wat die bank gehef het, was 15% enkelvoudige rente. Ek moet die lening oor 48 maande terugbetaal. Ek het bereken dat die totale bedrag wat ek oor die 48 maande aan rente sal betaal R8 136 is. Wat was die oorspronklike bedrag wat ek by die bank geleen het?



Tekem:

Datum:

## Kom ons hersien hierdie finansiële terme.



**Wins** is die surplus wat oorbly nadat totale koste van totale inkomste afgetrek is.

**Verlies** is wanneer meer uitgegee word as wat ingekry word.

**Afslag** is die bedrag wat voor betaling van die vraprys afgetrek word.

**Begroting** is die skatting van koste en inkomste oor 'n spesifieke periode.

'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of 'n maatskappy leen met die doel om wins te maak wanneer die geld terugbetaal word.

**Rente** is die tarief wat 'n uitlener vir 'n lener vra vir die gebruik van geleende geld, gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die geleende bedrag, ook bekend as die rentekoers.



## 1. Jy maak 'n limonadestalletjie oop.

Jy kan suurlemoene by die buurvrou koop teen 10c per suurlemoen en suiker by die plaaslike winkel teen R10 per sakkie. Die papierglase kos 10c elk en jou broer is gewillig om die limonade te verkoop teen 15c kommissie per glas. Jou resep benodig 100 suurlemoene, 'n halwe pak suiker en water om 15 glase limonade te maak. Jy dink jy kan een glas limonade vir R2,50 verkoop.

- a. Voltooi die begroting hieronder om te bereken of jy 'n wins sal kan maak as jy 30 glase per week verkoop.

Inkomste	Geraamde bedrag
Limonade verkoop	
<b>Geraamde totale inkomste</b>	
<b>Uitgawes</b>	
Suurlemoene	
Suiker	
Papierglase	
Kommissie (broer)	
<b>Geraamde totale uitgawes</b>	
<b>Netto inkomste</b>	

Kom ons werk dit uit vir 30 glase.



- b. Maak jy 'n wins of verlies? \_\_\_\_\_

c. Watter persentasie wins of verlies maak jy op die kosprys?

d. As jy besluit om jou wins met 20% te verhoog, wat moet jou nuwe verkoopsprys wees? \_\_\_\_\_

e. Jou broer wil nie meer die limonade verkoop nie en jy moet dit nou self doen. Watter uitwerking sal dit op jou wins hê?

**2. Dit gaan baie goed met jou limonadestalletjie en jy maak steeds 100% wins op die kos van 30 glase teen R2,50 per glas verkoop. Jou broer help jou nog steeds. Jy besluit om 'n limonademasjien te koop.**

Die limonademasjien kos R1 750 en jy vra jou familie om die geld vir jou te leen. Hulle stem in om jou die geld te leen teen 15% enkelvoudige rente per jaar. Jy moet hulle binne een jaar terugbetaal. Met die limonademasjien sal jy in staat wees om 150 glase per maand te verkoop. Sal jy steeds winsgewend wees? Watter persentasie wins of verlies sal jy maak?

**Probleemoplossing**


Jy koop droëvrugte in groot sakke en herverpak dit in kleiner sakke. 'n Groot sak gemengde droëvrugte kos R476 en jy kan dit in 50 kleiner sakke herverpak. Die rit na die mark kos R50 en die klein sakkies 50c elk. Hoeveel behoort jy vir die klein sakkies droëvrugte te vra om 'n wins van 33,33% te maak?




Tekem:

Datum:

Kyk na die volgende patroon:



As ons een sirkel in die eerste patroon het, vier sirkels in die tweede patroon en nege sirkels in die derde patroon, hoeveel sirkels sal daar in die tiende patroon wees? Hoe het jy dit uitgewerk?



Kyk na die volgende kubusse: As ons een kubus in die eerste patroon, agt kubusse in die tweede patroon en 27 kubusse in die derde patroon het, hoeveel kubusse sal ons in die vierde patroon hê?

1. Die getalle bo staan bekend as  en  getalle.

2. Skryf die volgende as kwadratgetalle:

**Voorbeeld:**  $13 \times 13 = 13^2$

Hierdie 2 is die **eksponent**.  
Ons sê 13 kwadraat of 13 tot die mag 2.

a.  $2 \times 2 =$

b.  $7 \times 7 =$

c.  $5 \times 5 =$

d.  $10 \times 10 =$

e.  $3 \times 3 =$

f.  $11 \times 11 =$

3. Skryf die volgende as vermenigvuldigingsinne:

**Voorbeeld:**  $15^2 = 15 \times 15$

a.  $5^2 =$

b.  $9^2$

c.  $4^2 =$

d.  $2^2 =$

e.  $7^2 =$

f.  $12^2 =$

4. Vir  $3^2$ , identifiseer: a. die grondtal. b. die eksponent.

5. Kleur al die kwadraatgetalle op die vermenigvuldigingsbord in. Watter patroon let jy op?

x	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

6. Rangskik hierdie getalle in stygende orde:

$2, 9^2, 5^2, 5, 6^2, 2^2, 8^2, 7^2, 12^2, 1^2, 3^2, 10, 11^2, 4^2, 10^2$

7. Rangskik bostaande getalle in dalende orde:

8. Vul in  $<$ ,  $>$  of  $=$  :

a.  $2^2$    $2 \times 2$

b.  $5^2$    $5 \times 2$

c.  $9^2$    $9 \times 9$

d.  $8^2$    $2 \times 8$

e.  $11^2$    $10 \times 11$

f.  $3 \times 3$    $3^2$

9. Getalle wat 'n eksponent van 2 het, word  getalle genoem.

vervolg 



Tekem:

Datum:

# Kwadraatgetalle en derdemagte vervolg

10. Skryf die volgende as derdemagte:

Voorbeeld:  $6 \times 6 \times 6 = 6^3$

a.  $3 \times 3 \times 3 =$      b.  $2 \times 2 \times 2 =$      c.  $5 \times 5 \times 5 =$

11. Skryf die volgende as vermenigvuldigingsomme:

Voorbeeld:  $6^3 = 6 \times 6 \times 6$


a.  $2^3$      b.  $4^3$      c.  $1^3$

12. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n derdemag is.

13. Identifiseer a. die grondtal  
b. die eksponent

$4^3$

14. Noem die aantal blokkies in elk van die diagramme hieronder deur van eksponente gebruik te maak. Rangskik dan hierdie getalle, wat in eksponensiële vorm geskryf is, in stygende orde.



15. Plaas hierdie getalle in dalende orde:

$3^3, 4^3, 2^3, 5^3, 1^3$

16. Vul in  $<$ ,  $>$  of  $=$  :

a.  $2^3$    $2 \times 2$

b.  $125$    $5^3$

c.  $1 \times 1$    $1^3$

d.  $27$    $3^3$

e.  $6$    $3^3$

f.  $5^3$    $8$

17. Skat eers en bereken daarna die antwoorde.

**Voorbeeld:**  $5^2 + 3^2 = 25 + 9 = 34$

a.  $2^2 + 10^2 =$

b.  $6^2 - 3^2 =$

c.  $8^2 + 10^2 =$

18. Skat eers en bereken daarna die antwoorde.

**Voorbeeld:**  $5^2 + 3^3 = 25 + 27 = 52$

a.  $6^3 - 5^2 =$

b.  $2^2 + 3^3 =$

c.  $9^3 - 4^2 =$

19. Skat eers en bereken daarna die antwoorde.

a.  $2^2 + 3^3 - 1^3 =$

b.  $5^3 - 4^3 + 3^3 =$

c.  $4^2 + 4^3 + 2^2 =$

### Probleemoplossing

Tel die kleinste kwadraatgetal en die grootste kwadraatgetal op wat kleiner is as 100. Doen dieselfde met derdemagte.



Tekem:


Datum:

Wat dink jy verteenwoordig hierdie diagramme?

1	2	3
4	5	6
7	8	9

$$\sqrt{9}$$

$3 \times 3 = 9$ , dus is die vierkantswortel van  $9 = 3$ .



$$3 \times 3 \times 3 = 27,$$

$$\sqrt[3]{27}$$

dus is die derdemagswortel van  $27 = 3$ .

1. Watter kwadraatgetal en vierkantswortel verteenwoordig die diagramme hieronder?

**Voorbeeld:** a.  $3 \times 3 = 9$ , dus is die kwadraatgetal 9 en die vierkantswortel ( $\sqrt{\quad}$ ) van  $9 = 3$ .

a.  $(3)^2 = 9$

$\sqrt{9} = 3$

b.  $(\quad)^2 =$

$\sqrt{\quad} =$

c.  $(\quad)^2 =$

$\sqrt{\quad} =$

2. Skryf die volgende deur die simbool vir vierkantswortel te gebruik.

a. Die vierkantswortel van 9

b. Die vierkantswortel van 25

3. Bereken die vierkantswortel:

**Voorbeeld:**  $\sqrt{9} = \sqrt{3 \times 3} = 3$

a.  $\sqrt{81} =$

b.  $\sqrt{1} =$

c.  $\sqrt{121} =$

d.  $\sqrt{64} =$

e.  $\sqrt{36} =$

f.  $\sqrt{169} =$

4. Skryf die volgende in stygende orde.

$\sqrt{16}, \sqrt{4}, \sqrt{25}, \sqrt{9}, \sqrt{36}$

5. Skryf die volgende in stygende orde.

$\sqrt{4 \cdot 4}, \sqrt{3 \cdot 3}, \sqrt{2 \cdot 2}$

6. Skryf die volgende in dalende orde.

$\sqrt{25}$ ,  $2^2$ ,  $\sqrt{16}$ ,  $\sqrt{100}$ ,  $9^2$

7. Vul in <, > of =

a.  $\sqrt{36}$    $\sqrt{25}$

b.  $\sqrt{81}$    $\sqrt[3]{27}$

c.  $\sqrt{9}$    $\sqrt{16}$




d.  $\sqrt{81}$    $3^2$

e.  $3^2$    $\sqrt{36}$

f.  $4^2$    $\sqrt{25}$

8. Wat is die derdemagswortel van die kubusse hieronder?

**Voorbeeld:**  $3 \times 3 \times 3 = 27$ , dus is die derdemagswortel van  $27 = 3$ .



a. \_\_\_\_\_ dus is die derdemagswortel van \_\_\_ = \_\_\_

b. \_\_\_\_\_ dus is die derdemagswortel van \_\_\_ = \_\_\_

c. \_\_\_\_\_ dus is die derdemagswortel van \_\_\_ = \_\_\_

d. \_\_\_\_\_ dus is die derdemagswortel van \_\_\_ = \_\_\_

9. Skryf die volgende deur die simbool vir vierkantswortel te gebruik.

a. Die derdemagswortel van 27

b. Die derdemagswortel van 8



Tekem:

Datum:

vervolg

# Vierkants- en derdemagswortels

## vervolg

### 10. Bereken die derdemagswortel.

**Voorbeeld:**  $\sqrt[3]{27} = 3 \times 3 = 3$   
 $= \sqrt[3]{3 \times 3 \times 3}$       want  $27 = 3 \times 3 \times 3$   
 $= 3$

a.  $\sqrt[3]{8}$

b.  $\sqrt[3]{64}$

c.  $\sqrt[3]{1}$

### 11. Skryf die volgende in stygende orde:

